



# Kinderhoekie

Lees  
1 Samuel 17:1-50


## DAWID EN GOLIAT

Maats, lees die skrifgedeelte en soek dan al die woorde waar hulle tussen al die ander letters wegkruip.

Filistyne  
Lam  
Bronshelm  
Goliat  
Leeu  
Beer  
Dawid  
Israel  
Baasvegter  
Skilddraer  
Bronsswaard

Harnas  
Koring  
Brode  
Slingervel  
Klippies  
Vyf  
Dolk  
Swaard  
Spies  
Voorkop

E	B	A	A	S	V	E	G	T	E	R	S
B	R	O	D	E	F	H	M	S	S	A	L
G	O	L	I	A	T	S	H	W	P	K	I
J	N	M	S	E	U	F	A	A	I	O	N
E	S	K	I	L	D	D	R	A	E	R	G
I	S	R	A	E	L	A	N	R	S	I	E
V	W	G	R	E	A	W	A	D	E	N	R
Y	A	E	S	U	M	I	S	A	J	G	V
F	A	R	G	T	H	D	O	L	K	B	E
B	R	O	N	S	H	E	L	M	F	E	L
A	D	F	I	L	I	S	T	Y	N	E	M
K	L	I	P	P	I	E	S	J	R	R	G
G	H	A	K	E	V	O	O	R	K	O	P



## Suiderkruis

'n Gemeente vir Oud en Jonk

## ONDER ONS 2022

Redaksie: Ds Tiaan Mostert, Elize van Niekerk & Hester de Beer

Tel & Faks 018 2947939  
E-pos: elize@suiderkruis.com  
Web: www.suiderkruis.com  
Facebook: suiderkruis

21 AUGUSTUS 2022

### DAGBOEK

#### Vandag

08:00 Koffie en tee in die foyer  
09:00 Oggenddiensl  
**Teksgedeelte:** Habakuk  
**Tema:**  
09:00 Kinderkerke  
09:00 Reguitstr 13+  
10:00 Koffie en tee in die foyer  
18:00 Belydenisklas

#### SONDAG 28 Augustus

08:00 Koffie en tee in die foyer  
09:00 Oggenddiens  
09:00 Kinderkerke  
09:00 Reguitstr 13+  
10:00 Koffie en tee in die foyer  
18:00 Belydenisklas  
18:00 Foyerdien (aanlyn)

#### NAGMAALKOEVERTJIES

Onthou asseblief u is welkom om dit enige Sondag in die kollektiebord te gooi.

**Niemand het God nog ooit gesien nie, maar as ons mekaar liefhet, bly God in ons en het sy liefde in ons sy doel volkome bereik. Hiëraan weet ons dat ons in Hom bly en Hy in ons: Hy het ons sy Gees gegee. En ons ken die liefde wat God vir ons het, en ons glo daarin.**

**God is liefde; wie in die liefde bly, bly in God en God bly in hom.**  
- 1 Johannes 4:12 - 16 -



### GEBEDSLYS

Bid asb vir:

- Wilna Fick



### GOD IS ALOMTEENWOORDIG!

Die Boodschap vertaal Psalm 139:7 so: "U is oral. Daar is nie 'n plek waar ek heen kan gaan waar U nie is nie." Iemand het gesê God is juis in sy volle wese teenwoordig, oral!

"God is not a substance spread out in a thin layer all over the earth. All of Him is in Chicago, in Calcutta, in Cairo, and in Cape Town..., at once and the same time."

Deuteronomium 31:6 sê: "Die Here julle God gaan saam met julle. Hy sal julle nie in die steek laat nie, julle nie alleen laat nie."

Die vroeë Indiane in die Amerikas het hul jong vegters uniek opgelei. Op 'n seun se dertiende verjaarsdag is hy in die nag alleen ver in die digte en onherbergsame bos in gelei, geblinddoek. Wanneer die oomblik reg was kon hy self, in die pikdonker, die blinddoek afhaal terwyl hy heeltemal alleen is... Gewoonlik het vrees die jong vegters beetgepak, vir wilde roofdiere, slange en ander giftige insekte. Die onbekende geluide was ook vreesaanjaend. Wanneer die dag breek, het die jongman meteens 'n Indiaanse krygsman gesien wat volledig gewapen eenkant wag gehou het, regdeur die nag. Die seun het dan met groot opgewondenheid gesien dat dit niemand anders as sy pa is nie! Hy was die hele nag daar!

Dit is hoe dit ook met God ons Vader is! Hy is nooit ver van ons af nie. Hy is Immanuel! God met ons! Matteus 1:23.

### FONDSINSAMELINGSPROJEKTE: 2022

- Pannekoek by Pick&Pay: 9/10 Sept, 7/8 Okt (Maryna Marais)
- Snoekbraai en kersiedere: (Thys Franken & Elsabe van Aswegen)

### OORSKIET WOL

Indien daar van ons dames is wat sit met oorskiet wol wat nie gebruik word nie en van dit ontslae wil raak, kontak asb vir Jacoba Ras of bring dit op 'n Sondag kerk toe of lewer dit in die week by die kerkkantoor af.

### VERJAARSDAGLYS

**Vandag:** Monique van Graaff, Ettienne Bezuidenhout

**22 Augustus:** Wilna Hall (82jr)

**23 Augustus:** Petri Schutte, Rina Steyn, Carel vd Merwe

**24 Augustus:** Hardus Botha, Henk Cilliers, Tina Jv Rensburg, Francois Vivier

**25 Augustus:** Judy Burger, Jaco Conradie, Yolandie Groenewald, Bella van Zyl

**26 Augustus:** Mareli Viljoen

**27 Augustus:** Geen verjaarsdae

**NB:** Indien u naam nie op die weeklikse verjaarsdaglys verskyn nie, kontak asb die kerkkantoor sodat ek kan vasstel waar die probleem is. - **Elize**



### AS DIT DONKER IS OM MY

#### Eind goed, alles goed

*Ons weet dat God alles ten goede laat meewerk vir die wat Hom liefhet, die wat volgens Sy besluit geroep is. Wat is nou ons gevolgtrekking oor al hierdie dinge? Dit: God is vir ons, wie kan dan teen ons wees?- Romeine 8:28, 31*

God gebruik lyding om die lewe van sy kinders te vorm. Dit is nooit God se wil dat sy kinders swaarkry nie, maar soms laat God dit wel toe sodat ons nader aan Hom kan groei. Swaarkry is altyd die gevolg van die sondeval, maar kan deur God ten goede tgebruik word in Sy volmaakte plan met jou lewe. As jy aan God behoortk, kan jy daarvan seker wees dat Hy aan jou kant is, en as dit waar

is, is daar heeltemal niks wat werklik teen jou kan wees nie.

Wanneer dit ekstra sleg gaan met jou, soos wanneer jy finansiële terugslae beleef of ernstig siek word, bid jy mos meer as gewoonlik sodat die negatiewe omstandighede in jou lewe jou nader aan God bring. God is altyd volkome in beheer van jou lewe. "God is not the author of all events but the Master of all events," lui 'n bekende Engelse gesegde.

Jou swaarkry van die oomblik is dus nie God se wil nie. God veroorsaak nie jou swaarkry nie. Hy beheer dit wel sodat dit op die ou end tot jou beswil kan meewerk. As jy op die oomblik met 'n krisis worstel, kan jy gerus die belofte in Psalm 138:8 vir jou neem: "Die Here sal vir my alles ten goede laat afloop. Aan U liefde, Here, is daar geen einde nie." *Vader, hoe wonderlik is u raadsplan! Dankie vir die wete dat U nie my swaarkry veroorsaak nie, maar dat U dit beheer en gebruik om my nader aan U te trek. Amen.*

-**Nina Smit**


### METODES VAN DANKOFFERINBETALINGS

Debietorder-opdrag & koeverte is in die voorportaal beskikbaar.

Yoco Kaartmasjien  
Elektroniese betaling:  
EFT of Zapper  
Bankbesonderhede:  
NG Kerk Potch-Suid  
Absa Tjekrekeningnr 680580049  
Takkode 632005



U is welkom om enige van die metodes te gebruik om u dankoffer in te betaal.



<b>Ek wil my debietorder verhoog, kontak my asb.</b>	<b>Naam:</b> .....
	<b>Selno:</b> .....

### HEILIGE HARTE

"Geseënd is dié wat rein van hart is, want hulle sal God sien" – Matteus 5:8.

Die Here is altyd besorg oor wat in jou hart omgaan. Wat in jou hart omgaan, raak ook jou verstand en jou emosies en jou besluite (jou wil). Hier word dus jou persoonlikheid bedoel. Jou hart bepaal jou hele lewe.

En waar ons as sondaars in die wêreld kom, is dit juis nodig dat jy jou hart bekeer! As iemand 'n gelowige word, dan verander jou hart en dus ook jou persoonlikheid. Al die onrein dinge word dan uit die hart geweer. Uit die hart kom die motiewe vir moord en leuens en slegte dae. Dus moet die hart rein gehou word.

Daarvoor moet jy eerstens ernstig bid, omdat jy dit nie alleen kan regkry nie. Jy het die krag van die Heilige Gees nodig om jou hart te reinig en te bekeer! Jou wil en begeerte kan slegs deur die krag van sy Gees verander word om te wil doen en te wil wees wat Hy van ons vra. Heilige harte, gedagtes en wense. Besig bly met die heilige dinge van God en sy koninkryk. Besig met Jesus, jou Verlosser en Redder.

Die belofte daarby is dat jy dan God sal sien. Geen onheilige kan God ooit sien nie. God kan en wil niks met onreinheid te doen hê nie. Daarom moet jy maar weer biddend vra dat die bloed van Christus jou daaglik reinig van jou sondige hart - dan dra jy die belofte ... jy sal God sien!

-**Ds Maarten van Helden**



**Bied aan:**

# WELWEES BASAAR

**DATUM: DINSDAG 23 AUGUSTUS 2022**  
**TYD: 09:00 - 14:00**  
**PLEK: NEDERDUITSCH HERVORMDE KERK MOEDERGEMEENTE. (REG OORKANT ELGRO HOTEL)**

## WAT GEBEUR?

- **KOSSTALLETJIES**
- **GESONDHEIDSTALLETJIES**
- **VERSCHEIDENHEID GASSPREKERS SOOS O.A. DR. DENNIS DU TOIT.**
- **MATT STERN TREE OP AS KUNSTENAAR.**
- **EN VELE MEER!!**

GRATIS GESONDHEIDSIFTINGS!!

☎ 018 293 0678